Parkieland
H/V Anderson - en
Thomas Edisonstraat
Menlopark 0081
Tel: 012 460 1976
Faks: 012 460 1976
parkieland@menlolaer.co.za
www.parkieland.co.za

10 Augustus 2022
Nuusbrief No 26

Liewe Ouers,
Ons glo en vertrou dat u die langnaweek geniet het, en sommer net ontspan het.

Personeel:

- Baie geluk aan ons Laerskoolhoof, mnr. Gerhard Pieterse wat môre verjaar.
- Ons bid vir mnr. baie seën op die nuwe lewensjaar toe.

Koekverkoping: Vrydag 12 Augustus 2022:
KONTANT/D6 BETALINGS – GEEN KAARTFASILITEITE NIE
U laai geld op u d6 beursie (wallet) vooraf. Daar gaan 'n QR-Kode by die tafels wees wat u kan skandeer wat u betaling dadelik na die regte rekening allokeer.

- Ons herinner u daaraan dat die Lammetjie- en Kalfieklasse Vrydag hulle koekverkoping hou.
- Die koekverkoping begin 7:00 tot 8:30 en dan weer die middag 12:30 tot 13:30.
- Kom koop heerlike eetgoed vir die naweek en ondersteun ons koekverkoping.
- Die kinders mag R5 of hoogstens R10 saam bring om self te koop. Ons gaan dan na 8:30 klas vir klas die koekverkoping besoek en die kinders kan na verversingstyd hulle lekkerny geniet. Tog vra ons mooi dat u asseblief alle ander aankope saam met u neem en nie by die kinders sal agterlaat nie.

Herregistrasie vir 2023: Lammetjies, Kalfies, Hasies en Eendjies

- U het verlede week u kleuter se **Herregistrasievorm** vir Parkieland vir 2023 ontvang.
- Vul asseblief die Herregistrasievorm in en stuur terug teen Vrydag.
- Al die Gr 00 kinders (Olifante en Kameelperde) het **Inskrywingsvorms** vir Gr R ontvang.
- Daar is nog vorms uitstaande. Stuur asseblief teen Vrydag alle Gr R Inskrywingsvorms terug.

Ouma- en Oupadag: 2 September 2022: Projekkode P765

- U het verlede week uitnodigings vir díe belangrike dag ontvang.
- Ons benodig asseblief **vandag** die getalle om die aantal geskenkies aan te koop en vra ons 'n klein bedraggie van **R30 per gesamentlike Grootouer-paar (gesin).**
- U kan op d6 of EFT inbetaal. Gebruik asseblief die die Projekkode, en die familiekode as verwysing.
- Die Ouma- en Oupadag behels 'n piekniek wat **u as ouer vir u kleuter en sy/haar Grootouers voorberei.** Die piekniek gaan op die rugbyveld plaasvind voor Parkieland. Meer inligting volg later in verband met die piekniek-reëlings.

Gedagte vir die week:
"Omgee is 'n warm glimlag, 'n bemoedigende woord, keuses wat ons maak. Omgee kan nie gekoop word nie, dit kan nie geleen of gesteel word nie, maar dit kan verniet weggegee word."

Vriendelike Parkie-groete,

RIEKIE VAN EEDEN & PERSONEEL

♥PARKIES♥GEE♥OM♥

Sommer net vir pret!

Parkieland is PRET!

"Waarvoor is ek dankbaar -skattejag"

Speel skattejag saam met jou kleuter en ontdek weer die kind in jou!

- [x] Soek iets wat jou gelukkig maak
- [ ] Soek iets wat jou gunstelling kleur is
- [ ] Soek iets wat lekker proe
- [ ] Soek iets wat jou laat lag
- [ ] Soek iets wat lekker ruik
- [ ] Ontdek iets nuut